One weekend we travelled to Mt Sorak, one of the many national parks in Korea and it's only biosphere reserve. Mountains and forests of unimaginable beauty. Buddhist temples, hundreds of years old. Lonely, twisted cedar trees against, the crags, in the mist. In the soft light, we began to see something of the inspiration behind oriental art. But, we were trampled. We had to wait our turn to climb peaks. There were seafood stalls along the trails and electronic games in the waiting rooms. It felt like a carnival. And we said thank you for the peace of Rooiels and that, until now, we have kept at least some development at bay.

This is the Land of the Morning Calm with contrasts that send you reeling. It's the land of the Yin and the Yang and of ancient religions. It is a land where old traditional folk wait on their haunches for the traffic lights to change, wearing cell phones around their necks.

We allow ourselves to be caught up in the sensitivity of Chinese poetry. And find ourselves searching for Rooiels and missing our baboons and the wind-tossed fynbos. And longing for blue skies.

We feel privileged to be able to experience this rich society. Even though the vendors drive us crazy as they drive around with their tinny loudspeakers blaring. Even though we can't fathom the oriental mind.

We find ourselves beside strange rivers in this Babylon and yearn when we remember Rooiels.....

*Gerard and Anuta Scholtz*

## Charlie's Corner



"There's another thing I don't understand about the 'gladde lywe' - their inconsistency. One day they set out a whole bag of food for us and when I take, they smile. The next day, I bring a couple of the girls along to join in the fun, and they scream at us like demented dervishes.

Then there's the fruit - food from the gods, if ever there was! They place these tempting bowls in front of their windows but go berserk if we help ourselves. Strange attitude that. I mean, crushed scorpions are delicious, and if a 'gladde lyf' wanted a few, that's cool. Okay, so they hoard

their god-fruits. But plants - you'd think they owned these too! Like this one garden with watsonias that I've been watching. The day finally arrived when I considered them perfect, so I set about nibbling. Imagine my astonishment when I see out the corner of my eye the 'gladde lyf queen', magnum in hand. Then she starts firing into the air.

"Betty's Bay is wall-to-wall watsonias", she screams "and you come to Rooiels and eat mine at R8 a bulb!"

"Strange logic. Can't she work out how much eating I'd have to do to walk to Betty's Bay? And by the time I got back home I'd be in energy-deficit. By the way, I didn't eat all the watsonias - left some for the moles to enjoy."

*(Anecdotes are written as told to us and do not necessarily reflect the editor's preferred approach).*

## Features

### "Suikerbos, ek wil jou hê.."

It's that time of the year again. The white flowers of *Protea repens* (Suikerbossie) brighten all of Rooiels - and the sugarbirds are loving it. This species of protea was formerly known as *Protea mellifera*, meaning "full of honey". This evocative name goes back to the days of "bossiestroop" – the thick syrup condensed from the "suikerbossie" nectar. In these old days, the Cape Flats and lower slopes of Table Mountain were covered with this protea, and gallons of nectar were collected simply by snapping off the flowers and tipping their contents into a bucket. Now alas, this "full of honey" protea has retreated to the few natural sanctuaries left.

For the Cape Sugarbird, the flowering of *Protea repens* signifies romance and great excitement. It's mating time. One can now see them all over Rooiels noisily sitting on their floral conquests. Or is it the protea with its avian conquest? For the lifestyles of the Cape Sugarbird and that of proteas are inextricably intertwined.



The Sugarbird follows the flowering patterns of proteas, even to the extent of moving around the countryside, tracking the proteas as they come into flower. The Sugarbird visits over 300 protea blooms every day and is sustained by a dependable supply of nectar and an assortment of insects such as bees and beetles that also visit the blooms. Rich in protein, these insects are caught and fed to the Sugarbird chicks.

*Protea repens* does not, of course, provide all this good food for purely altruistic reasons. The Sugarbird is attracted with the clear purpose of pollinating blooms. If you look closely at a Sugarbird in a protea patch, you will see that its forehead feathers are matted with yellow pollen. The Sugarbird acts as a joyful and noisy "courier service" for protea pollen and receives a feast for its troubles.

(Adapted from : *Between Two Shores* by Michael Fraser and Liz McMahon, David Phillip Publishers.)

Estelle Raymond

*We have our own expert!  
Kate Henderson has recently  
completed her MSc on the  
Cape Sugarbird*

## Dagsê Perlemoen!

Perlemoen word al vir die laaste 125,000 jaar geëet. By Klasies naby Humansdorp was dit al 30,000 jaar gelede 'n smulgereg. Hier in ons omgewing dui die skulpreste dat perlemoen sedert 3,000 jaar gelede uitgehaal was deur onder andere, die grotbewoners in die Rooiels rivierloop.

Perlemoen het vir eeuue oorleef en floreer. Die huidige aanslag van die mens bring die uitsonderlike spesie egter naby aan die randjie van uitwissing. Tans is perlemoen die duurste skulpkos (per kilogram) in die wêreld en dus baie aantreklik vir smokkelaars en stropers.

Perlemoene is ook kwesbaar want dit plant net een nag per jaar voort wanneer die osoon konsentrasie en die temperatuur van die water presies reg is. Dit begin met 'n paar wat hulle saad in die water inskiet, gevolg deur 'n kettingreaksie totdat die water in die hele baai melkerig wit word. Natuurlik heerlike proteïenkos vir ander spesies. Boonop vind bevrugting nie maklik plaas as die perlemoene nie dig bymekaar lê nie. Dan eet die oorvloed van honger krewe ook beide die klein perlemoentjies asook hulle skuillekkie, die seekastaiings, op.

Perlemoenplase is 'n moontlike redding van perlemoen want as deel van hulle permit moet elke plaas 'n voorafbepaalde persentasie van die perlemoen terug in die see plaas. In Port Nolloth, waar perlemoen jare lank totaal uitgeroei was, het die metode die perlemoen weer hervestig.

As jy as duiker sukkel om so 'n ou groot perlemoen los te wikkel van sy rots, groet hom gerus eers. Hy moes baie gevare trotseer om so groot te word en hy is dalk heelwat ouer as jyself, miskien selfs 60 jaar oud!

Evette Weyers

## Lepelhout, alias Rooi-eis

Die pragtige boom waarna ons klein paradys vernoem is, word in klam bergwoude dwarsoor die land aangetref, dikwels saam met stink- en geelhout. Dit is 'n immergroen boom, tot 8m hoog met spreiende takke wat op vlak rotsplekke en in windkolle tot 'n bos groei.

Hulle is 'n prentjie in die herfs wanneer die pienk blomme soos kerse vertoon. Die donkergrone blink blare is getand. Groot steunblare omsluit die knoppies wat baie na lepels lyk. Die boom kan hieraan alleen uitgeken word. Vandaar die mooi vroeë volksnaam. Daar is 'n enorme klomp vruggies waarvan baie deur voëls opgevreet word. Voëls en wind versprei die saad. Dit is 'n vinnige groeier en word beskou as 'n weerstandige boom in brande.

Rooi-elshout is 'n ligte tot 'n ryk rooi harderige houtsoort en word pragtig bewerk in meubels. 'n Mooi voorbeeld van die rooi-eisboom staan in die klofie by die Clarence-gedenkteken op pad Gordonsbaai toe of by die ingang van Harold Porter waar hulle soos hare op 'n hond se rug groei.

### Hoe om te plant

Onthou, die boom is tuis in 'n vogtige woudarea. Maak in die skadukant van die erf 'n gat van 'n halwe meter vierkant. Dis nou vir 'n plant in 'n sakkie. As dit 'n jong boompie, is moet die gat natuurlik heelwat groter wees. Baie kompos is die wagwoord. Gee hom aanvanklik goed water, maar moenie verdrink nie. 'n Aanvulling van superfosfaat sal

groei aanhelp volgens Karen Behr, kurator van Harold Porter Botaniese Tuin, MITS, beklemtoon sy, dit NIE naby fynbos is nie, want fynbos en fosfate is nie vriende nie. Sy sê dit sal baie help as daar eers 'n bosserigheid soos 'n keurboom (*Vergilia*) of 'n karee soos *Rhus lucida* geplant kan word om die Rooi-els te beskerm teen wind en sout van die see.

Koop plante by die Harold Porter of Kirstenbosch. Al hoe meer kwekerye hou deesdae ook inheemse plante aan.



Rooi-els

*Louise du Toit*

### Bird Chat

What a glorious Autumn we have had! Wonderful, Rooiels days. So many Rooiels species choose the June/July period as nesting time (and not all of them ornithological!) Our 3 sunbirds (lesser double-collared, orange-breasted and malachite) and the Cape Sugarbird, all rely on the abundance of ericas, aloes and proteas in flower for a rich food supply for their youngsters. They all become aggressive, jealously guarding their territories. Watch out friend and foe alike! Look for rapid flight, showy aerial displays and lots of raucous calling. Robins, Cape Bulbuls, Cape White-eyes and Rock Pigeons can be seen displaying to each other.

Winter in False Bay brings back the whales and, after severe

Northwesters look out for pelagics from their oceanic home, looking for "more sheltered" waters. Three species of petrels can be seen (White-chinned, Southern Giant and Greatwinged), the Sooty Shearwater and two species of albatros (Shy and Blackbrowed). The petrels and shearwaters have a very distinctive flight pattern gliding just above the wave crests. A good pair of binoculars are needed to get a definitive sighting! All three bird groups are mainly scavengers and will steal from other gulls and follow trawlers for easy pickings. Not quite how Coleridge described the albatross! Often, a Jackass Penguin will be seen on the beach - usually rather tired because it has come from the Betty's Bay colony which is one of only three mainland breeding colonies in the world. The name comes from the males "braying" in their courtship display. They are the only endemic penguin in Africa and are on the vulnerable species list, their numbers having dwindled by 75% in the 20<sup>th</sup> century. The catastrophic oil spill from the sunken Treasure (some treasure!) has affected "our" colony too, and prompted the opening of a penguin cleaning facility in Betty's Bay. Spring, when it does arrive, will bring the usual flurry of breeding. Alterations in breeding months are following the changes in climatic conditions. We also do not yet know how many birds are having second or even third clutches.

The whitefronted Sandplovers seem to have FINALLY realised that laying their eggs in a scrape on a footpath or below the tide line is NOT a good idea. They have now moved up the dune, but so far we seen only young birds - no scrapes. "Our" pair of Oystercatchers, Blacksmith Plovers and Egyptian Geese are usually seen on the beach. The

former's nesting sites are also on popular beaches with the result that their numbers are dwindling and they are on the Endangered Species list.

So keep on bird watching - there is LOTS to see!

*Alison Ayres*

### 'n Kuiken vir 2000?

Die witkruisarends het vanjaar regtig woer-woer met ons gespeel. 'n Mens het nie geweet wat om te maak van hul afwesigheid eers nie, en toe skielike ernstige vergrotery en blaarbelyning van nes nommer twee in Mei.

In die week van 21 Mei is hulle 'n paar maal gesien paar. Daar was ook twee waarnemings in dié tyd dat hulle dassies vreet naby die nes. Daarna was daar stilte -alhoewel hulle onder ons neuse begin broei het.

'n Eier neem 41-44 dae om uit te broei. Op 12 Julie is vir die eerste keer in weke 'n gewerskaf opgelet en tegelyktydig het 'n kuiken kenmerkend hard gepiep-skree. Die ouers het mekaar afgelos en kos aangedra.

Toe weer senutergende stilte! 'n Arend is in dié tyd in die middedorp gesien wat probeer het om 'n kransduif te vang. Geen voël is nog naby Bakkiesbaai se sterk kolonie dassies opgemerk nie, dalk weens boubedrywigheid. Kom ons bly hoop dat ons vanjaar tog vir die eerste keer sedert 1997 weer 'n arendjie sal bykry. Witkruisarends se gemiddelde aanwas per jaar is maar 0.5....

**Share your knowledge  
And achieve  
Immortality!**

## Die Hart van 'n Dorp

(Bron: *Die Storie van Waai-gatbaai* deur Rita Blake)

Hoekom verskil Rooiels en Kleinmond, Pringlebaai en Gordonsbaai so hemelsbreed? Wat gee aan 'n dorp sy eie spesifieke karakter? Mense bly al eeue lank in die gebied. Die Khoisan wat oor 'n tydperk van 6,000 jaar die grot in die Rooiels rivierloop bewoon het, het min impak op die omgewing gehad. So ook die wegloper slawe en bendes wat later hier skuiling gesoek het. Nog later het vissermannen en hul families per boot hiernatoe gekom vir 'n naweek of vakansie. In die tyd toe die hele gebied deel geword het van die Hangklip plaas het permanente verandering begin. Die gras is gereeld afgebrand vir weiding vir die beeste. Die plaas is later onderverdeel en in 1942 is Rooiels as dorp uitgelê. Die eerste Rooikrans bome is in 1946 geplant.

In die vroeë 50s was die eiendomme aktief bemark. Die area is opgetower as die "Kaapse Riviera" met vliegveld, gholfbane, ens. Stel julle Rooiels nou voor as 'n "Riviera" vir stralejakkers met hotelle, diskos, 'n hawe vol bote, tennisbane waar die reservaat is en sekerlik 'n casino.

Die "Riviera" het egter glad nie gematerialiseer nie. Hier in die tuiste van die temperamentele Suidooster en loeiende Noordwester is sulke bemarkingsstrategieë vinnig weggewaai. Inteendeel, Rooiels het reeds die toevlug van vissers, natuurliefhebbers en stappers geword - mense wat die inheemse diere en plante raaksien. Dit het 'n dorp geword waar mense omgee vir die ryk erfenis van fynbos, kleinwild, otters, walvisse en dolfyne.

Ons as Rooielsers het bekend geword daarvoor dat ons baie

kwasterig raak as iemand met ons natuur wil peuter. Ons wou reeds weer die natuur herwin en het in dringerplante begin uitroei op kapdae.

Verder het die REBV die skoolerf tot natuurreservaat laat verklaar en verhoed dat die hoofpad na Pringle toe deur die dorp loop. Rooiels was ook die eerste dorp hier rond wat 'n "Visie" opgestel het. Die Rooiels Visie is die bloudruk van die hart en siel van 'n dorp waar die mense in harmonie met die inheemse plante en diere, en met mekaar wil leef en gedy.

Wel gedaan Rooielsers dat julle hierdie fynbos-juweel nie in voorstedelikheid of in 'n stralejakkers-speelpark laat ontwikkel het nie, maar dit opgepas het om 'n dorp te word waar mense nader aan ongeskonde natuur kan woon en die natuur verkieks bo die stad se gemak.

Evette Weyers

## Living History

*To the attentive eye,  
each moment of the year  
has its own beauty,  
and in the same field,  
it beholds, every hour,  
a picture  
which was never seen before,  
and which  
shall never be seen again.*

Ralph Waldo Emerson

Africa is the cradle of mankind. Excavations of the Rooiels caves, middens and fish traps show that people have been living in and around Rooiels at least 5000 years ago. These "Rooielsers" must have looked upon the same mountains, watched in awe as the great breakers rolled into the bay in

winter and in summer cursed the South Easter which blew sand into their eyes. They must have known the forefathers of our present troop of baboons, the mongooses, dassies, otters, eagles as well as many other animals such as leopard and buck which have in recent times all but disappeared from modern Rooiels. They knew and looked upon the same fynbos, tenaciously covering this wind-swept landscape for millions of years.

This flora is so varied and idiosyncratic that it has been awarded the accolade of a "floral kingdom" – it is essentially unlike any other elsewhere. 68% of the Cape's floral species occur nowhere else in the world. The world comprises 6 floral kingdoms, which - with the exception of the Cape - cover vast areas such as the whole of Australia or most of the Northern Hemisphere. Fynbos has been on the earth a long time and contains plants that can be termed "living fossils". In stark contrast to the antiquity of the Cape flora, the flowers that grow over most of Europe, North America and Asia had to establish themselves after the glaciers and the Arctic ice-sheet last retreated, a matter of just a mere 10 000 years or so ago. As a result these plant kingdoms contain far fewer species and these are generally widespread. In the Fynbos biome geological and climatic history have combined to create soils in the fynbos region in which nutrients are in extremely short supply. Such soil often comprises of not much more than silica – glass in another form. And like, glass, this plant community, having endured and thrived under these harsh conditions for millennia, is at the same time extremely fragile under the threat of man's lack of consideration.

Now for the bad news: More than half of the Cape Floral

Kingdom has been irrevocably altered and the remainder is seriously threatened. Only a third of the original lowland fynbos remains. Already 41 lowland fynbos species have become extinct and another 173 species are threatened with extinction. Countless animal, bird and insect species will disappear along with fynbos and the habitat that it provides. Less than 2% of the original lowland fynbos is conserved in nature reserves. The rest is on private land. The continued survival of lowland fynbos is therefore largely dependant on private landowners – people like you and me.


*Estelle Raymond*

*These are islands in time --  
with nothing to date them  
on the calendar of mankind.*

*In these areas  
it is as though a person  
were looking backward  
into the ages  
and forward  
untold years.  
Here are bits of eternity,  
which have a preciousness  
beyond all accounting.*

*Harvey Broome*

### Steentyd werktuig duik op



Op sy kleinhoewe teenaan Rooiels het Mike Harrison 'n sugvoortjie gegrave. Net daar in die vleigrond kry hy 'n

sementkleur deurboorde klip. Die skalieringetjie is so 6cm deursnee, 2.5cm dik en het 'n glad afgewerkte gat wat op sy wydste so 3cm breed is. Ongelukkig is die ring nie meer heel nie.

Toe dr Graham Avery, paleontoloog by die SA Museum, Kaapstad dit sien, het hy ons vermoede bevestig: dit is 'n werktuig van een of ander aard. Hy beskryf dit as 'n klein ring en as 'n ligte hulpmiddel om gewig te gee aan 'n stokkie waarmee wortels uitgegrawe word. In ons omgewing is waarskynlik bolle soos *Hypoxis*, *Moraea* en *Watsonia* vir kos gesoek en *Haemanthus* vir medisinale gebruik.

Die ring kom uit die Laat Steentyd (LST) 2000 of 3000 tot selfs 6000 jaar gelede of dalk so jonk as seshonderd jaar met die eerste kontak met blankes. (Die LST begin ongeveer 18 000 jaar gelede). Die feit dat die vindplek reg inlyn lê met die grot in die derde kop van Klein-Hangklip af en die naaste punt see toe, 'n baaitjie, versterk die herkoms van die werktuig. Die bewese kombuis (Eng. "midden") is lankal bekend. Mense het in vroeë omswerwinge maklik van die binneland kus toe gekom vanaf rivier se kant. Daar is ook vywers by Koeëlbai en Pringlebaai. Die visvywer- en kombuisverskynsel kom wyd langs ons kus voor en strek ver met bekende vindplekke soos Die Kelders (Gansbaai) en Klasiesrivier (by Humansdorp) en verder noord.

Maar klink dit nie regtig na 'n geweldige klomp werk wat ingesit is in 'n ding wat hoeveel hulp uiteindelik gaan gee? 'n Mens wonder ook agterna of dit nie dalk eerder by 'n "visnet" as gewigge onderaan gebruik kon gewees het nie. Louis Botha, volkekundige van die US meen ook ons ringetjie hoort eerder by LST visbedrywighede.

*Louise du Toit*

### Property rights and responsibilities

We live at a time in our country's history where people are discussing and claiming their rights, enshrined in our new constitution. Some citizens contend that with rights come responsibilities. Everyone who stands on his rights should also shoulder his responsibilities. What do property rights mean when you buy a plot in Rooiels? Living here next to the core of the Biosphere is totally different from living in a town where the indigenous fauna and flora had long since been eradicated. Here the piece of land you have bought existed in its natural state for many millennia. Because the Cape escaped the last ice age we have this amazing variety of plants, admired by other countries. Unfortunately only 6% of the original coastal fynbos is left in the Cape (due to development and encroaching alien vegetation). After you leave or die that piece of land you now own will continue to exist, though altered by your imprint.

Appealing to man's better instincts the Rooiels Vision contains a holistic view of living here. It formulates the practical application of having respect for our natural heritage of fynbos, and indigenous fauna. It asks you to take your neighbours around you into consideration when you build or light your garden. To tread softly and preserve the original wild beauty that so enchanted us to come here.

*Evette Weyers*

**A FAT Breeze/Bries,  
For long winter nights**

# From the Ridiculous to the Sublime

*Or, The Greening of Rooielers!*

When City Slickers choose to live in Rooiels it requires some adjustments, including a change of mindset that does have its lighter side! Keen gardeners have a hard time resisting the impulse to plant their own special favourites, but Rooiels has its own way of dealing with such romantic notions and is quick to teach us that determination alone is not enough! Last summer saw one resident's F1 petunias in full and magnificent bloom. After one night of a strong Southeaster, I was surprised to see the *Protea repens* around her house with large clusters of mauve and white blooms - until closer inspection revealed entire petunia plants, including the roots, caught in the fynbos! From a grand start of 5 magnificent hybrids, Corrine Lessing, another 'newish' resident, now faithfully tends a single remaining rosebush in her garden - but her tulips and irises will herald the Spring from pots placed in a sunny spot inside her home - safe from baboons, porcupines, and the wind. Like a few other Rooielers, I have my indoor 'skelm' garden - a private place where exotics flourish in secret, steamy and breathless abandon (quite daring to grow exotics here - one never knows if they will mutate into INVASIVE ALIENS)!

Julle het dalk self gevind dat daar 'n afkeurende blik in die oë van 'n ou Rooielser is oor jou pogings om tuin te maak of iets dergeliks. Moenie alleen voel nie. Toe ek en Marius op Rooiels kom aanbou het, het ons aan die

begin 'n hele paar Rooiels taboos oortree. Onwetend en salig onbewus van die kenners se afkeur was ons baie tevrede met die Rooikrans se skaduwee en het ons ons buurman aangespreek toe hy van ONS Rooikranse wou afsaag! Boonop het Marius kikoejoe aangeplant om die waaisand te tem. Ons het basies net oë gehad vir die see en die diere en voëls. Eers later het ons gehoor wat 'n euwel Rooikrans is in die uitroei van fynbos en doodmaak van die grond. Ons oë het oopgegaan vir die fynbos se skugter skoonheid en veelsydigheid. Toe moes die Rooikrans bome uit en ons sukkel nou nog om van die kikoejoe ontslae te raak wat so onder die fynbos ingroeil!

Die inheemse skoonheid van Rooiels kruip onder jou vel in en mens ontwikkel 'n arendsoog vir 'n Rooikrans- of Mirte-saailing wat jy onmiddellik uittrek om sodoende die voortbestaan van die Kanferbos, Wilde Salie en Steenbokkie boegoe, met hulle wonderlike geure, te verseker.

*Jenny Stark and Evette Weyers*

## NUUSflitse

### ANOTHER FATAL ACCIDENT ON ROOIELS CORNER, CLARENCE DRIVE

Every time we drove past the bouquet of long-stemmed red roses, propped up against the wall where Roella road meets Clarence Drive, we thought soberly of the two lives wasted in a head-on collision there just a year ago. They had scarcely faded when the scenario repeated itself in exactly the same spot. This time an English tourist, due to fly home the following day, died - her husband

and Joan du Toit of Kleinmond were injured. There are moves afoot to place speed reduction measures and bold signage before this very dangerous stretch of road. Something must be done before more lives are needlessly wasted.

### TWEE RAMPE

Binne een jaar het 2 groot rampe die Kaap getref. Eers die vernietigende brande wat veral die skiereiland geteister het en Kapenaars opnuut laat besef het dat Rooikrans, Port Jackson en dennebome 'n enorme brandgevaar inhou. Hulle brand baie vinniger en warmer as fynbos. Die tweede ramp was die vragskip 'Treasure' wat nabij Robbeneiland gesink het.

Met die geweldige storms en uitermatige hoë deining in Julie, het dik taai swart olie ook ons strand besoedel. Die munisipale span onder leiding van Darelle Snyman, het vinnig met opruimingswerk begin. Dis egter 'n ander storie op die rotse en klipstrandjies, waar die olie nog jare lank kol-kol gaan sit.

Die olie het die broeiende pikewyne op Dasseneiland met uitwissing bedreig. Hulp het egter van verskeie oorsese organisasies gekom en die grootste voël-reddings operasie wêreldwyd is van stapel gestuur. Besoedelde voëls is ook tussen Bettysbaai en Kleinmond gevind en plaaslike inwoners het ook hulp aangebied. Die munisipaliteit het ingestem om een van hulle skure in Bettysbaai beskikbaar te stel. Die is omskep in kampe vir die pikewyne en 2 klein draagbare swembaddens is aangebring om die herstellende voëls weer fiks te kry. Carol Walton, wat vroeër by SANKUB gewerk het, en ander SEEWAG lede werk ywerig om die skoongemaakte pikewyne te voer, medisyne te gee ens. Honderd en vyftig van die pikewyne is hierheen gebring

en inwoners in die geweste het hul hulp aangebied en werk selfs in skofte. Party pikkewyne is te verswak en maak dit nie; ander skop vas en byt deur. Sommiges het die Apollo olie ramp oorleef en word nou alweer skoon-geskrop. Dis 'n spanpoging van lokale vrywilligers wat die projek laat seëvier.

**THANKS TO THE ROOIELS  
BOAT CLUB FOR  
SPONSORING THIS ISSUE OF  
BRIES / BREEZE**

Reël om siek of besoedelde voëls soontoe te neem:

**Rooiels**  
Louise du Toit 028 273 8487

**Pringlebaai**  
Ronnie/Vida Cock 028 272 9546

**Bettysbaai**  
Carol Walton 028 272 9978

**Gordonsbaai**  
Anita Hvidsten 021 856 1566

## Het jy gevreet?

C LOUIS LEIPOLDT was 'n besoeker aan Rooiels. Later jare het Leipoldt in Seepunt geloseer by mev. Dorothy O'Connor. Micheal O'Connor, toe in Junior Matriek, onthou nog goed hoe hulle in 'n blou Studebaker in die September-skoolvakansie in 1945 hier kom kamp het. Die vier-stuks het tent opgeslaan aan die Gordons-baaikant van die rivier. Nee, hulle het nie uitstappies onderneem nie, maar

is deur die bobbejane vermaak en "it was quite windy"!!! Die pad om die kus was toe pas voltooi. Van 'n brug kan mev. O'Connor niks onthou nie. Waarskynlik was die houtbrug nog nie in plek nie.

*Louise du Toit*

## In Memoriam

*I remember the day*

*The tide was low,  
Rock pools filled  
With sodden masses of kelp,  
Boulders draped with piles of  
dripping seaweed.  
Soft pink residues still splashed  
the sky.*

*Filled with a sense of wonder  
and renewal,  
He ran.  
His feet pressed marks into the  
sand -  
Writing his final script.  
Now he lay in peaceful repose,  
facing the sea.*

*And there rises again the  
thought that kept recurring then,  
That the sea is very ancient,  
That it ebbed and flowed  
Before man appeared  
On the planet,  
And will ebb and flow after he  
and his works have disappeared*

*Something had passed that was.  
In some fashion,  
Great, mysterious and ancient,  
Like the sea itself.*

*Jenny Stark*

(Adapted from: E. Linton, 'The Man of Science and the Public'  
*Science 48* (1918), p. 33)

Xagene de Villiers en sy vrou, Hester, het in 1998 besluit om Rooiels hulle aftree-tuiste te maak. As boerseun van Ceres se wêreld het die berge, see en natuur hom hier so bekoor dat hy verlede jaar op vervroegde aftrede gegaan het en het hy en Hester hulle vroeg vanjaar permanent gevestig in hulle gesellige houthuisie in Ocean View-rylaan.

Xagene het drie hartstogte gehad in die lewe: sy skepper, sy gesin en die see. Op 20 Julie het X, soos hy aan ons bekend was, langs die see gaan draf en nie meer teruggekom nie. Soos hy gelewe het, het hy gegaan: stil rustig en mooi -- op die duinepaadjie by die see... Sommige van ons onthou hom met 'n kleindogter op sy skouer, bultaf teen Klein Hangklip, ander het oor bote of rugby of kreefkos met hom gesels, maar almal van ons hou 'n prentjie van die stil, vriendelike man wat ons nog graag beter wou leer ken.

### ONS INNIGE MEEGEVOEL

Aan Hester, Klein-X en Natasha,  
met die verlies van 'n  
dierbare maat en vader.



*Holiday Accommodation Agents  
For Rooiels, Pringle Bay  
and Betty's Bay.  
Tel/Fax 028 273 8528  
Holidays for the discerning client.  
Wonderful personal service.  
Full brochure on request.*

# dassie droppings

## COMPROP DESIGNS

Architectural Design Consultants  
for

New residential Properties  
Alterations, Additions, Supervision

**Jan W Schaap**

Cell: 082 684 3221  
Fax: 028 273 8024

Email : schaap@yebo.co.za

Our CAD facilities allow us to E-mail plans to  
wherever you may reside

'come for a chat,'

says our friendly grocer

--tell us your requirements--

Rooiels Village Shop

Monica, Margaret and Jo  
(028) 273 8383

*Sea Side* REALTORS



PRINGLE BAY ROOIELS BETTY'S BAY

*Go and Monica at your service*

TEL/FAX 028- 273 8383 / CELL 082 771 2360  
PO Box 102, GORDONSBAAI 7151

the drummond arms

B & B

restaurant

our speciality :

fish, fish, live oysters, live crayfish

Open 7 days a week for  
breakfasts; home made pastries  
light lunches; fresh saladss  
evening meals: seafood; traditional S. A. meals


PUB !

Tel (028)273 8458

*the spitting*

*chicken*

is no ordinary take-away



Tony's VERY SPECIAL RECIPE for Spit Roast Chicken is delicious.  
So are the the pies, the schwarmas.

TONY ALSO DOES HOME-CATERING !

TEL (028) 273 8383

**FAURE** MARINE ESTATES cc

*Joan & Felix Faure guarantee*

FRIENDLY, PROFESSIONAL SERVICE.

Tel/fax 028 273 8333

cell 083 3320 706



Erf 277, Ocean  
View Drive, Rooiels

PO Box 124,  
Pringle Bay, 7196

**Rooiels Home Maintenance**

We do :

painting  
plumbing  
additions  
braais

repairs  
electrical  
brickwork  
building plans

alterations  
car ports,  
plastering,



Johan Muller,  
Drummond Arms  
(028) 273 8458)



Tony Ward  
083 2308145